

DIE HUIDIGE STAND VAN DIE KUNSMISBEDRYF EN

FAKTORE WAT DIT BEÏNVLOED

J.H van der Walt, Sentrachem Bpk

Inleiding

Prediker 1:9 "Wat gewees het, dit sal daar weer wees; en dit wat gebeur het, dit sal weer gebeur, en daar is glad niks nuuts onder die son nie."

Hierdie woorde van die Prediker som ook die stand van sake in die kunsmisbedryf op. As ons die geskiedenis van hierdie belangrike basiese nywerheid in Suid-Afrika bestudeer dan is dit wat ons vandag beleef 'n herhaling van wat in die verlede plaasgevind het.

Die eerste kunsmisfabriek in S.A. het in 1904 tot stand gekom, maar dit moes in 1910 sluit vanweë die lae pryse van ingevoerde kunsmisstowwe, wat deur die regering van die dag toegelaat is.

Tyd ontbreek om die geskiedenis van die kunsmisbedryf in S.A. hier te vertel; ek volstaan met slegs die enkele belangrike gebeurtenisse wat aanleiding tot die bedryf soos ons dit vandag ken, gegee het.

In 1939, met die uitbreek van die tweede wêreldoorlog, het S.A. hom in die posisie bevind dat, as gevolg van 'n beleid om aan invoere voorkeur te gee bo plaaslike produksie, daar onvoldoende kunsmis beskikbaar was om genoeg voedsel te produseer. Hierdeur het 'n krisis ontstaan wat vinnig op 'n nasionale ramp afgestuur het, tot so 'n mate dat in 1941 invoeren prysbeheer op kunsmis ingestel is. Hierdie beheer is nog nooit sedertdien verwyder nie en is nog steeds van krag.

Vir die volgende 12 - 15 jaar het die ernstige krisis ten opsigte van die verkryging van kunsmis die owerhede aangespoor om plaaslike grondstofbronne te soek en te ontgin om S.A. so doende so ver as moontlik onafhanklik van die buiteland te maak. Dit het gelei tot die stigting van Foskor in 1951 en in 1955 het hierdie maatskappy sy eerste rotsfosfaat aan die plaaslike bedryf gelewer. Alhoewel hierdie materiaal aansienlik duurder as die ingevoerde rots was het die Regering besluit dat Foskor se materiaal voorrang moes geniet, en dit is gereël met behulp van verskerpte invoerbeheer.

Die rol wat die Regering gespeel het in die stigting en ontwikkeling van die kunsmisbedryf was dus van deurslaggewende belang. Na die tekort-krisis van die veertigerjare het die ontwikkeling van die bedryf hoë voorrang geniet, om te verseker dat Suid-Afrika so gou as doenlik onafhanklik sou raak van die buiteland. Hierdie doelwit is deur middel van invoerbeheer en prysbeheer plus aktiewe deelname in die vorm van 'n Foskor nagestreef.

Die gevolg van hierdie beleid is dat Suid-Afrika vandag oor 'n sterk, goedtoegeruste en dinamiese bedryf beskik, wat volkome in die totale plaaslike behoefte vir kunsmis kan voorsien. Die omvang van die bedryf word in die bygaande syfers weerspieël:—

Die bedryf het ook 'n verdieners van buitelandse valuta geword en alhoewel uitvoere baie fluktureer is daar in 1979 en 1980 bykans R200 miljoen per jaar vir Suid-Afrika verdien.

Dit is dus duidelik dat die kunsmisbedryf in Suid-Afrika gedurende die afgelope 30 jaar met rasse skrede ontwikkel en

Totale kapitale Belegging	Ongeveer R1 000 miljoen teen boekwaarde, R2 000 miljoen teen vervangingswaarde
Totale produksiekapasiteit	± 4,1 miljoen ton. (Na voltooiing van die nuwe aanlaes wat tans in aanbou is deur SASOL, Omnia en Triomf sal die totale kapasiteit ongeveer 5,3 miljoen ton beloop)
Totale werksgeleenthede verskaf ...	Ongeveer 14 000 persone.

tot een van die belangrikste strategiese nywerhede in die Republiek. Die insette wat deur hierdie nywerheid gemaak is het aansienlik daartoe bygedra dat Suid-Afrika vandag een van slegs 7 lande ter wêreld is wat voedsel uitvoer.

Die huidige stand van die bedryf

As gevolg van die feit dat die produksie en lewering van kunsmis in meeste lande van die wêreld strategies van aard is en ten nouste aan die produksie en verskaffing van voedsel en veral stapelvoedsel verbonde is, bly dit 'n bedryf wat voortdurend die aandag van die Regering geniet. Ek het reeds daarop gewys dat die bedryf se vestiging die direkte gevolg van doelbewuste owerheidsoptrede was en die doen en late van die bedryf is gedurende die afgelope 20 jaar deur talle regeringskommissies, komitees en -rade ondersoek. Dit is duidelik dat as ons die stand van die kunsmisbedryf in Suid-Afrika wil bepaal dat die invloed van die Regering nie buite rekening gelaat kan word nie.

Maar laat ek my by twee vlakke van die stand van die bedryf bepaal. Die eerste is wat in die afgelope drie dekades op tegnologiese vlak tot stand gebring is en hoe dit vergelyk met die res van die wêreld. Die tweede is die ekonomiese vlak.

Stand van die tegnologie

Baie tyd kan aan hierdie aspek gewy word, maar ek wil kortliks enkele van die belangrikste fasette uitlig.

Aan vindingrykheid het dit die Suid-Afrikaanse kunsmisbedryf nog nooit ontbreek nie en die bedryf het, gegrond op die eiesoortige grondstowwe wat plaaslik beskikbaar is, 'n kunsmisnywerheid daargestel wat vandag met die beste in die wêreld vergelyk kan word.

Van die belangrikste aspekte is die volgende:

Verhoging van konsentrasie

Sedert 1950 het die plantvoedselkonsentrasie gegroei vanaf 9,5% tot gemiddeld 26,0% in 1981. Met gebruikmaking van die nuutste tegnologie in die moderne aanlae wat tans in bedryf gestel word sal die plantvoedselkonsentrasie tot 40% verhoog en aan die Suid-Afrikaanse boer aangebied word. Dit is van die hoogste ter wêreld en van besondere belang onder

Suid-Afrikaanse omstandighede, vanweë die besparende effek wat dit op vervoer-, hanterings- en stoorkoste het. Hierdie verhoging beteken 'n besparing van tot 35% op bogenoemde koste, tot voordeel van die boer.

Nuwe produkte

Die nywerheid is voortdurend besig om sy produktereeke aan te pas by die behoeftes van die boer. So speel vloeibare- en oplosbare kunsmis reeds 'n beduidende rol in sekere areas, terwyl nuwe gekonsentreerde oplossings tans in gevorderde proefstadia verkeer. Deur die vindingrykheid van plaaslike wetenskaplikes word voortdurend werk gedoen om nie alleen nuwe produkte te ontwikkel nie, maar ook om bestaande prosesse te verbeter en meer doeltreffend te maak.

'n Klassieke voorbeeld van hierdie vindingrykheid, wat in Suid-Afrika vervolmaak en steeds uniek is, is die produksie van sement uit afvalgips wat by fosforsuurproduksie verkry word. In hierdie proses word die gips verwerk om 'n hoëgraadse sement te verskaf, terwyl die swawel herwin en weer in die produksie van swawelsuur aangewend word.

Talle ander voorbeelde van sukses deur plaaslike navorsing en ontwikkeling kan genoem word.

Unieke grondstowwe

Die Suid-Afrikaanse bedryf is uniek in dié opsig dat twee van die hoofgrondstowwe nl. fosfaat en stikstof uit ander bronne verkry word as in die res van die wêreld. Die Suid-Afrikaanse fosfaaterts is 'n stollingsgesteente en dit word op slegs enkele ander plekke in die wêreld as fosfaaterts gebruik. Deur die ontwikkeling van eie tegnologie en vindingrykheid is Foskor vandag in staat om 3,5 miljoen ton hoëgraadse fosfaaterts beide binnelands sowel as buitelandse te lewer.

Die Suid-Afrikaanse kunsmisbedryf het op sy beurt weer groot vaardigheid aan die dag gelê om die prosesseringsprobleme, wat eie is aan hierdie spesifieke fosfaaterts, te oorbrug tot so 'n mate dat die Suid-Afrikaanse nywerheid oor 'n uitvoerkapasiteit van ongeveer 1,5 miljoen ton fosforsuur beskik, wat Suid-Afrika een van die voorste fosforsuurprodusente in die wêreld maak. Hierdie kundigheid en infrastruktuur word tot voordeel van die plaaslike kunsmisverbruiker aangewend. Fosforsuur wat plaaslik geproduseer word vorm dan ook die basis van die moderne hoëgraadse kunsmismengsels waarna reeds verwys is.

Feitlik die totale Suid-Afrikaanse stikstofproduksie is gebaseer op steenkool en nie op olie of aardgas soos in ander dele van die wêreld nie. Ongeveer 750 000 ton N word tans in Suid-Afrika geproduseer, waarvan minder as een derde op ru-olie gebaseer is. Suid-Afrika beskik oor die mees gevorderde steenkoolvergassingstegnologie ter wêreld, wat verseker dat met ons steenkoolbronne daar nooit 'n tekort aan hierdie belangrike plantvoedsel sal wees nie. Dit is egter so dat die produksie van stikstof gebaseer op steenkool aanvanklik duurder is as die gasgebaseerde produk en tans kan stikstofhoudende produkte soos ureum en D.A.P. goedkoper ingevoer word as om dit plaaslik te produseer. Dit is ook gedeeltelik om hierdie rede dat 'n moderne ammoniakvoerterminal in Richardsbaai opgerig is, enersyds om enige tekort wat in die plaaslike mark ontstaan aan te vul voordat 'n volgende aanleg gebou word en andersyds om gebruik te kan maak van goedkoper ingevoerde materiaal indien dit beskikbaar is, wat beslis nie altyd die geval is nie.

Ook op die gebied van stikstofverwerking tot kunsmisprodukte beskik die Suid-Afrikaanse nywerheid oor die mees moderne tegnologie en word in die loop van die volgende 18 maande twee groot moderne aanlegte vir die produksie van salpetersuur en KAN in werking gestel.

Hierdie aanlegte, gebaseer op die jongste tegnologie is energie-doeltreffend en help dus om deur doeltreffende produksie die produksiekoste so laag as moontlik te hou.

Landboukundige navorsing

Onder dwang van baie sterk prysbeheer was die nywerheid genoodsaak om te alle tye doeltreffendheid te verhoog en koste te bespaar in 'n poging om winsgewend te bly.

Hierdie dwang het ook deurgewerk na die navorsingsaktiwiteite van die bedryf en in 'n poging om beskikbare fondse so doeltreffend as moontlik aan te wend is oorgegaan tot die stigting van die navorsingseenheid van die Misstofvereniging van Suid-Afrika in 1970, met die spesifieke doelwit om sinvolle riglyne vir bemesting daar te stel. In die daaropvolgende jare is daar, in die nouste samewerking met alle belanghebbende partye, gerigte navorsing van stapel gestuur wat in 1977 gelei het tot die publikasie van die eerste "Mielierekenaar" wat algemeen aanvaar is as die basiese riglyn vir die bemesting van mielies.

Op soortgelyke wyse het die riglyne vir bemesting van koring tot stand gekom. Die Navorsingseenheid van die M.V.S.A. poog om voortdurend hierdie en ander riglyne aan te pas by die veranderde behoefte van die Suid-Afrikaanse boer. Die omvang van hierdie navorsing moet nie gering geskat word nie, veral as daarop gelet word dat die bedrag wat oor die afgelope 12 jaar aan hierdie aktiwiteit spandeer is, meer as R4,0 miljoen beloop.

Benewens hierdie landbougerigte navorsings- en ontwikkelingswerk spandeer die individuele maatskappye ten minste R1,0 miljoen per jaar aan tegnologiese ontwikkelingswerk wat daarop gemik is om doeltreffendheid te verhoog en koste te bespaar.

Op grond van bogenoemde aktiwiteite kan dit onomwonde gestel word dat die stand van die kunsmisbedryf op tegnologiese gebied in Suid-Afrika met die heel beste in die wêreld vergelyk kan word. Die Suid-Afrikaanse kunsmisverbruiker kan verseker wees dat die produkte wat hy nodig het en die vorm waarin hy dit nodig het aan hom beskikbaar gestel sal kan word deur die plaaslike nywerheid.


Ekonomiese stand van sake:

Op hierdie gebied gaan dit heelwat minder goed met die bedryf. As die meegaande grafiek bestudeer word is dit duidelik dat die kunsmisbedryf sy ergste insinking sedert 1955, toe die bedryf eintlik sy beslag gekry het, beleef. Gedurende 1982 het die verkope van kunsmis met meer as 10% gedaal en die verwagting is dat, indien die huidige tendens voortduur, verkope in 1983 met 'n verdere ongeveer 20% sal afneem teenoor 1982. Indien dit sou gebeur, sou die vlak van kunsmisverbruik daal tot ongeveer 2,5 miljoen ton, of dieselfde vlak as in 1974/75. In 'n kapitaalintensiewe bedryf, onder die dwang van prysbeheer, is maksimum aanlegbelading van die allergrootste belang en uit die syfers wat vroeër reeds genoem is word dit duidelik dat die kapasiteitsbesetting van die bedryf in die volgende 12 - 18 maande tot so laag as 60% kan daal. Die gevolge van hierdie daling hou ernstige gevaar vir die lewensvatbaarheid van die bedryf in.

Die redes vir hierdie skerp afname in uitset is voor die hand liggend en sal dus slegs kortliks bespreek word.

Algemene ekonomiese toestande:

Die besondere hoë rentekoerse wat die huidige ekonomiese afswaai voorafgegaan het het die kostedruk op die mielieboer, wat reeds deur 'n swak mielie-oes ernstig geknou is, geweldig



verhoog. Die boer se rentelas het sodanig verhoog dat dit tans sy enkele grootste koste-item is en die koopkrag word dus sodanig verlaag dat hy nie in staat is om van die vroeë aflewingsrabat gebruik te maak om vroegtydig kunsmis te koop en te stoor vir die nuwe seisoen nie.

Die droogte:

Die katastrofiese droogte wat tans beleef word het die graanboer in die sentrale gebied en in Natal op sy knieë gedwing en kredietwaardigheid sodanig verlaag dat kunsmisaankope op die huidige stadium vir almal behalwe die heel sterkste boere onmoontlik is. Hierdie toestand kan nie verbeter voordat die droogtehelpmaatreëls van die Regering in volle werking is nie. Selfs dan kan die toestand nie na normaal terugkeer nie, aangesien die boere maksimaal fondse sal moet aanwend vir die verskaffing van voeding aan hulle diere.

As gevolg van die misoes van vanjaar is dit waarskynlik dat 'n aansienlike oordrag van veral P en K in mieligronde sal plaasvind en sal die neiging dus wees om die toediening van kunsmis te beperk tot die minimum en dan slegs nadat dit gereën het.

Verhoogde invoere van kunsmis:

Invoere van kunsmis soos die 200 000 ton ureum deur die Mielieraad en invoere deur buurlande sal veral in 1983 'n uiters nadelige effek op die plaaslike bedryf hê, deurdat die reeds krimpemde deursekte verder deur hierdie invoere verlaag sal word.

Ineenstorting van die internasionale kunsmismark:

Vanweë swak ekonomiese toestande in die Westerse wêreld, wat Brazilië en Meksiko insluit het die fosforsuurmark in duie gestort met die gevolg dat die groot uitvoeraanlegte van Fedmis en Triomf prakties tot stilstand gedwing is. 'n Skrale drie jaar gelede het hierdie twee maatskappye gesamentlik meer as 1,0 miljoen ton fosforsuur uitgevoer. Die uitvoere gedurende 1983 word beraam op ongeveer 300 000 ton suur, en die toestand toon nog geen tekens van verbetering nie. Die sogenaamde P.I.K. program wat deur die Amerikaanse regering ingestel is om van sy surplusse landbouprodukte ontslae te raak het tot gevolg dat bykans 30% van die Amerikaanse landbougrond in 1983 uit produksie onttrek sal word, met 'n gevolglike daling van ongeveer 15% in die Amerikaanse kunsmisverbruik. Dit beteken dus dat die internasionale markte onder verdere druk geplaas kan word.

Hoe ernstig hierdie internasionale verswakking die plaaslike uitvoerders tref word gedemonstreer deur die feit dat die opbrengs op totale bates verdien sedert uitvoerbedrywighede in 1977 'n aanvang geneem het tot aan die einde van 1982 ongeveer — 4,0% behoop. Hierdie swak prestasie is deur die onlangse terugtrekking van die uitvoeraansporingsmaatreëls deur die owerheid vererger, tot so 'n mate dat sekere aanlaes gesluit en 'n aansienlike aantal werkers afgedank moes word.

Groter mededinging op die plaaslike mark

Die toetreding van SASOL tot die kunsmismark val prakties saam met die bou van nuwe aanlegte deur Fedmis, Triomf en Omnia. As gevolg hiervan word 'n groot addisionele produk-

siekapasiteit geskep wat onvermydelik aanleiding moet gee tot verskerpte mededinging en 'n verdere verlaging van die winsgewendheid van die bedryf en dus 'n verswakking van sy kapitaalskeppende vermoë.

Ontoereikende prysverhogings

Gedurende die afgelope twee jaar was die prysverhogings wat deur die Regering toegestaan is ontoereikend om te vergoed vir stygende koste, met die gevolg dat die finansiële weerbaarheid van die nywerheid benadeel is. In 1982 is die prysverhoging arbitrêr vasgestel op 10% en in 1983 op 13,3% nadat sowat 20,0% deur die bedryf gemotiveer was.

Dit is reeds duidelik dat geen kunsmismaatskappy in 1982 'n noemenswaardige wins uit sy kunsmisaktiwiteite gemaak het nie en dit kan verwag word dat die bedryf in 1983 ernstige verliese sal ly.

Onder die huidige omstandighede kan dit dus verwag word dat die kunsmisbedryf vir die volgende paar jaar onder baie groot finansiële druk geplaas gaan word en dat geen verdere kapitaalbeleggings verwag kan word nie.

Die toekoms

Die scenario soos hierbo geskets hou vir die kunsmisbedryf groot uitdagings in en dit skep die geleentheid vir 'n herstrukturering van die bedryf as geheel. Hierdie herstrukturering sal myns insiens moet saamval met die veranderinge wat noodwendig moet volg in die landboubedryf in Suid-Afrika oor die volgende paar jaar.

Verandering in boerderypraktyke

Volgens landbou-ekonome sal die aantal boere in Suid-Afrika tot en met 1990 verminder van die huidige ongeveer 65 000 tot 50 000. terselfdertyd sal die gemiddelde grootte van 'n boerdery-eenheid vergroot vanaf die huidige 950 Ha tot ongeveer 1 500 Ha. Voorts kan verwag word dat sowat 15 - 20% van die boere steeds ongeveer 80% van die produkte sal lewer, wat op sy beurt beteken dat slegs sowat 10 000 boerdery-eenhede verreweg die grootste gedeelte van die land se landbouprodukte sal produseer.

Om dit suksesvol te kan doen sal baie groter klem as ooit in die verlede op boerderybestuur moet val.

Daar is baie ander persone wat baie beter as ek toegerus is om aan te dui waar veranderinge moet plaasvind, maar wat my betref is daar benewens 'n algehele verhoging in die standaard van finansiële bestuur veral twee gebiede wat besondere aandag moet geniet, naamlik:

● Grondbestuur

'n Fundamentele herwaardasie van grondpotensiaal en optimale benutting sal nodig wees. Die dae van onoordeelkundige aanwending van marginale gronde is verby. Die risiko's verbonde aan 'n misoes het eenvoudig te groot geword om na willekeur hierdie of daardie gewas te verbou. Die aankondiging wat onlangs deur Nampo gemaak is waarin boere aangeraai word om slegs hulle beste hoëpotensiaal gronde vir die aanplant van mielies te gebruik dui duidelik op die rigting wat in die toekoms ingeslaan sal moet word.

● Vogbestuur

Die huidige droogte het skerper as ooit die kollig laat val op die Suid-Afrikaanse boer se weerloosheid ten opsigte van die klimaat. In die toekoms sal hierdie aspek, tesame met die grondbestuur, seleksie van die regte kultivar en korrekte aanwending van die insette 'n beslissende rol moet speel in die bestuursproses van die boer. Baie meer navorsing sal gedoen moet word ten opsigte van vogbewaring en die doeltreffende aanwending van die beperkte waterbronne. Alhoewel dit 'n growwe ooreenvoudiging is, wil ek tog waag om te sê dat indien grond- en vogbestuur op 'n heelwat meer doeltreffende wyse as tans toegepas gaan word die kleiner aantal boere instaat gaan wees om al die mielies te produseer wat in Suid-Afrika nodig gaan wees teen die einde van die eeu, naamlik ongeveer 15,0 miljoen ton, en dit op 'n aansienlik kleiner oppervlakte as wat tans die geval is.

Veranderinge in die Kunsmisbedryf

Bogenoemde en talle ander fundamentele veranderinge wat onvermydelik in die landbou gaan plaasvind, gaan groot eise aan die bedryf se aanpasbaarheid stel. Ek het egter geen twyfel dat die kunsmisbedryf die huidige moeilike tyd sal oorleef en ook in die langtermyn 'n nuttige bydrae tot die landbou in Suid-Afrika sal maak nie. Om dit te kan doen sal almal wat betrokke is bereid moet wees om met 'n oop gemoed na die toekoms te kyk en oplossings gesamentlik te soek.

Die volgende ses aspekte is myns insiens die pilare van oorlewing:

Die rol van die Regering

Huidiglik word daar hard op die tromme van die vryemarkstelsel in Suid-Afrika tamboer gespeel. Nie alleen dring NAMPO en ander organisasies daarop aan dat alle produksieinsette vryelik ingevoer moet word indien dit goedkoper oorsee gekoop kan word nie, maar vanuit Regeringskringe word die sogenaamde vryemarkstelsel as die oplossing vir alle probleme gesien. Ek wil dit onomwonde stel dat die vryemark-model 'n abstraksie van die werklikheid is en dat selfs die lande wat dikwels vir ons voorgelou word as voorbeelde van 'n vryemarkstelsel die skerpste beskermingsgeoriënteerd is.

Dit moet onthou word dat die sterk en doeltreffende kunsmisbedryf wat tans in Suid-Afrika bestaan doelbewus deur Regeringsoptrede met behulp van invoerbeheer en prysbeheer daargestel is. Deur hierdie optrede het die Regering inderwaarheid 'n vennoot in die bedryf geword, iets wat vandag nog net so geldig is as 40 jaar gelede toe dit alles begin het. Laat my toe om te sê dat dit 'n goeie vennootskap is, wat oor die jare vir Suid-Afrika veel voordeel gebring het.

Dit mag tyd geword het om die vennootskapsreëls te wysig — dit sou fataal wees om die vennootskap tot niet te maak. Ek wil ook dan die huidige benadering van die Regering tot hierdie bedryf sien as 'n eerlike poging om staatsinmenging te verminder en markkragte sy vryer gang te laat gaan. Ek glo dat dit die bedryf ten goede sal kom. Terselfdertyd glo ek dat die Regering steeds 'n vennootskapsrol het om te speel, beide wat die kunsmisbedryf sowel as die landbou betref.

Afskaffing van prysbeheer

In die lig van wat so pas gesê is, ondersteun ek die gedagte van die afskaffing van prysbeheer. Prysbeheer het oor jare 'n magskonsentrasie in die bedryf tot gevolg gehad en in die belang van 'n vryer markmeganisme behoort dit afgeskaf te word. Onlangse ontwikkelinge soos die toetreding van SASOL maak so 'n stap natuurlik makliker. Dit spreek vanself dat die afskaffing van prysbeheer 'n sensitiewe aangeleentheid is wat

met oorleg en in die gees van die vennootskapsgedagte deur gevoer sal moet word, met inagneming van alle aspekte.

Afskaffing van invoerbeheer

Die behoud van matige invoerbeskerming, wat Suid-Afrika se unieke grondstofbronne ten opsigte van stikstof en fosfaat in berekening bring sal verseker dat invoerbeheermaatreëls vir die eerste maal in 40 jaar verslap kan word. Dit moet egter duidelik gestel word dat redelike tariefbeskerming wat die Suid-Afrikaanse bedryf sal beveilig teen storting en politieke pryse van kardinale belang is om langtermynbeskikbaarheid aan die landbou te verseker.

Daar is in die jongste tyd skerp kritiek uitgespreek teenoor die Regeringsbeleid van beskerming van plaaslike nywerhede, met spesifieke verwysing na die kunsmisbedryf. Bewerings word gemaak dat as gevolg van bogenoemde beleid die insetkoste van mielies sodanig verhoog word dat ons nie op internasionale markte kan meeding nie.

Volgens beskikbare inligting blyk dit dat beskerming, insetkoste van die mieliebedryf met 'n bedrag gelykstaande aan 11% van die binnelandse produsenteprys verhoog, dws ongeveer R17 per ton. Daarteenoor is die verlies op uitvoer-mielies volgens die bedryf R70 - R80 per ton. Daar kan dus nie aangevoer word dat beskerming die enigste of grootste oorsaak van die mieliebedryf se probleme is nie. Met 'n korrek gestruktureerde invoertarief sal die bedryf sy lewensvatbaarheid behou en sal verseker word dat Suid-Afrika steeds in sy eie behoeftes sal kan voorsien.

Rasionalisasie

Gedurende die volgende paar jaar gaan 'n aansienlike oorkapasiteit in die bedryf ontstaan. Dit is reeds genoem dat

teen 1984 sowat 5,3 miljoen ton kapasiteit beskikbaar sal wees om 'n mark van hoogstens 3,0 miljoen ton te bedien. Rasionalisasie binne die bedryf, ten einde ouer en minder doeltreffende aanlegte uit die skakel, kruisversporings, uitruil van produkte en selfs verhuring van aanlegte sal toegelaat moet word om te verseker dat kapitaal so doeltreffend as moontlik aangewend word ten einde pryse so laag as moontlik te hou.

Navorsing

Navorsing sal die hoogste prioriteit moet geniet om verhoogde doeltreffendheid van insette en bestuur te verseker. Die landbou- en kunsmisbedrywe sal baie nader aan mekaar moet beweeg ten einde die behoefte van die boer onder die veranderde omstandighede so noukeurig as moontlik te identifiseer en te bevredig. Nuwe tipes kunsmis, nuwe aanwendingstegnieke, nuwe verspreidingsisteme ens, sal gesamentlik bestudeer moet word om optimale opbrengste te verseker.

Samewerking

In die afgelope jaar het daar tussen die kunsmisbedryf en die mieliebedryf heelwat harde woorde geval oor vermeende en werklike onregte wat bestaan. Die tyd het aangebreek dat onnodige wedersydse aftakeling gestaak word en ons energie gesamentlik gewy word aan die oplossing van die talle uitdagings wat in die volgende tien jaar op ons wag. Fundamentele en strukturele veranderinge is besig om voor ons oë plaas te vind en tensy almal wat in die landbou betrokke is nie hande vat en gesamentlik die aanpassings maak wat nodig is nie sal ons nie in Suid-Afrika die voedsel produseer wat nodig is om die groeiende bevolking te voed nie. Pynloos sal die aanpassings gewis nie wees nie. 'n Sinvolle vennootskap tussen Staat, bedryf en landbou sal daardie pyn draaglik maak.

SUMMARY

The capital investment in the RSA fertilizer industry is approximately R1000 million with a replacement value of some R2000 million, and a production capacity of 4,1 million tons. When Sasol Fertilizers come on Stream in 1984 production capacity will be about 5,3 million tons. Recently the industry earned foreign currency to the tune of some R200 million a year. The industry is one of the most important strategic industries in the Republic, helping to make South Africa one of only seven food exporting countries in the world.

The development of the industry since World War II has been greatly influenced by the State.

Since 1950 the plant food concentration in our fertilizers has increased from 9,5% (N + P + K) to an average of 26% and this could increase up to 40%. New products are continuously being developed as was evidenced by the introduction of liquid, gaseous and soluble fertilizers. By-products such as cement from gypsum and the reclamation of sulphur are other instances of technological achievements.

The mining and beneficiation of local igneous phosphate and its solubilization are major break-throughs. Foskor has a capacity of 3,5 million tons of high-grade phosphate concentrate a year, which enables the production of some 1,5 million tons of phosphoric acid for export.

Nitrogenous fertilizer production in South Africa is now mainly based on locally produced coal, about two-thirds of the 750 000 tons of N a year produced.

Since 1970 the industry, through the FSSA, has conducted fertilization research on maize and since 1977 on wheat too. Some R4 million has gone into this work over the past 12 years, this in addition to the R1 million spent on agricultural research and development by individual fertilizer companies.

Economically the fertilizer industry in South Africa is presently not so well off. In 1982 sales dropped by 10% and due to the unfavourable economic conditions coupled with the severe drought a further drop of 20% is expected during 1983. This could mean a reduction in production during 1983/84 to about 60% of capacity.

The import/export position is at present also not too rosy. Recently 200 000 tons of urea were imported by the Maize Board and export incentives have been withdrawn by the Government. The export of phosphoric acid to Brazil has decreased from one million tons to 300 000 tons in 1983. A reduction in 15% of fertilizer usage in the USA caused further pressure on the international export situation.

When Sasol enters the market it will result in more intense competition on the local market. The commissioning of new plants by Fedmis, Triomf and Omnia will coincide with that of Sasol's.

An aggravating fact was the inadequate price increase allowed in 1983 by the price controller. This was arbitrarily fixed at only 13,3% instead of a needed 20% and it follows a too low increase of 10% in the previous year. This will result in severe losses during 1983 while no further capital investments could be expected in the near future.

The future holds many challenges for the South African fertilizer industry. These will provide an opportunity for a restructuring of the industry, which must coincide with inevitable changes in South African agriculture.

The number of farmers will be reduced, farming units increased and great emphasis will be placed on improved farm management. The judicious use of marginal soils and efficient moisture conservation and utilization will have to be investigated. With correct soil and moisture management 15 million tons of maize could, by the end of the century, be produced on less land than at present.

For the South African fertilizer industry to continue to make a useful contribution to agriculture the following six factors are regarded as basic requirements:

- (i) In time Government has become a partner in the industry, and this has been generally advantageous. The time has come, however, to amend the rules somewhat, with less Government intervention and allowing a free development of market forces.*
 - (ii) Price control should be abrogated.*
 - (iii) Import control measures could be relaxed, but import tariffs must be correctly structured in order to afford reasonable protection against dumping and political pricing. Protection refers mainly to raw materials in respect of nitrogen and phosphate.*
 - (iv) Rationalization within the industry with respect to production capacity, the efficiency of plants, railage, product exchange, leasing of plants, etc must be considered.*
 - (v) One of the most important aspects is that of research, both in respect to fertilizer products and its application on lands, and fertilization.*
 - (vi) Co-operation between the industry, the State and organised agriculture is a requirement for success in the industry and agriculture.*
-